


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Thomas van Hereford

## 3 Oktober

(1218-1282)

Hierdie biskop, rykskanselier van Engeland en kanselier van Oxford Universiteit het ’n baie belangrike rol in die woelige 13de eeuse Engeland gespeel. Hy het die baronne gehelp in hul stryd teen koning Hendrik III. Later toe hulle die mag verloor moes hy as banneling uitwyk na Frankryk. Ná enkele jare keer hy terug en word biskop van Hereford, waar hy ’n ware sieleherder vir sy bisdom was. Hy was baie bemind onder die gewone gelowiges en het ’n uiters voorbeeldige lewe gelei. Sy verhouding met die aartsbiskop van Kantelberg verswak egter al hoe meer en in 1282 spreek laasgenoemde die banvloek oor hom uit. Hy teken appél aan en reis na Rome om sy saak voor die pous te stel. Hy sterf egter voordat daar enige beslissing geneem kon word. Sy graf in Engeland het gou ’n pelgrimsoord geword en baie wonderwerke is daar opgeteken.